

Enid Blyton Stories



Die Verhaal van Higgle en Hum



Lank, Lank Gelede

Het die koning van sprokiesland na sy towerkas gegaan en gevind dat 'n dief in die nag daar was.

My genugtig het die koning hard uitgeroep. Rowers!

Nou wat het hulle gevat?



Hy het die koningin geroep en hulle het saam deur al die goed in die towerkas gegaan en hulle het gevind dat drie goed gesteel was.

Daar is my towerlamp weg! Het die koning in ontsteltenis gesê. Die een wat die hele woud verlig wanneer die maan nie vir ons skyn nie.



En waar is my tower skêr het die koningin met 'n kreun gesê. Die paar wat deur enige yster, staal of klip sal sny.

En my fyn wandelstok, het die koning hartseer gesê. Ek is jammer dat dit gesteel is, want ek moes net sê, hier Stok, en dit sou opspring en my verdedig.

Hoe gaan ons, ons goed terug kry. Het die koningin gewonder.
En wie het dit gevat?



Hulle het gou uitgevind wie die dief was. Dit was 'n aardmanneling genaamd Groo, 'n uit geslape kêrel wat lankal hierdie drie dinge vir homself wou hê.



Hy is so slim dat ek bang is dat ons nooit weer ons tower goed sal terug kry nie, het die koningin met 'n sug gesê. As ons ons soldate teen hom stuur, sou hy hulle eenvoudig in 'n weermag van miere verander, en dit sou verskriklik wees.

Ons sal 'n proklamasie uit stuur wat sê dat as iemand ons tower goed vir ons kan terug kry, dat ons vir hulle 'n sak goud, 'n pragtige paleis en gratis uitnodigings vir al ons danse en partytjies sal gee, het die koning gesê.



So was dit gedaan, en kort voor lank het al die elwe, pixies, feetjies en kabouters opgewonde gepraat oor hoe die drie goed wat aan die koning en koningin behoort van Groo die aardmannetjie geneem kon word.



Eers het 'n elf probeer, en o, allawêreld, hy het in 'n
padda verander...



... en dit het die koning baie lank geneem om die regte towerspreuk te vind wat hom weer in sy eie vorm sou verander.



Die twee kabouters het probeer en hulle was in oorkewers verander.



Hulle het verskrik na die koning gegaan, en hy moes 'n wyse man
twintig stukke goud betaal om hulle weer terug te verander.



Daarna het niemand weer probeer nie, want almal was bang.
Toe kom daar eendag twee klein duiweltjies genaamd Higgle
en Hum in die sprokiesland. Toe hulle die boodskap van die
koning hoor, het hulle verheug na mekaar gekyk.

Wel, ons sal die goed terug kry! Het hulle uit geroep.



Makliker gesê as gedaan! Het 'n luisterende kabouter gesê. Jy weet nie hoe slim Groo die aardmannetjie is nie! Higgie en Hun het niks meer gesê nie, maar het na 'n sonnige heining gegaan om te praat oor hoe hulle in Groo se huis kan in gaan.



Ons was al ons lewe lank arm en verslete, het Higgle gesê, en ons het nog nooit 'n kans gehad om ryk te wees, of mooi skoene of klere te hê nie. Wel, ons was nog nie eens by 'n partytjie of dans nie!

Hoe goed sal dit net nie wees om 'n sak goud te hê en in 'n paleis op 'n heuwel te woon. En o, dink daaraan om na elke partytjie te gaan wat die koning en koningin gee! Wat 'n goeie tyd behoort ons te hê!



Hoe sal ons egter die toweragtige dinge kry? Het Hum gevra.
Moet ons nie eerder 'n plan maak nie?

Hulle het gedink en gedink en uiteindelik besluit dat dit nie nodig is om 'n plan te maak nie, hulle sal net kyk wat hulle kan doen en sal planne maak soos hulle aan gaan.



Daardie aand het hulle in die tuin van Groo se huis in gekruip en deur die kombuis se venster in geloer. 'Kyk' het Higgle gefluister 'en daar is die towerlamp op die kas'.

En daar is die tower skêr in daardie werkmandjie! Het Hum gesê. Waar is die towerstok? 'Daar in die hoek' het Higgle gefluister.



O! O! O!

Dit was geen wonder dat hy uitgeroep het nie, want iemand het hom skielik gegryp. Dit was Groo die aardmannetjie, en baie gou het hy Higgle in die een hand en Hum in die ander gehad, albei duiweltjies het geskrik.

Magtig! het hy in 'n harde stem gesê. Wat doen jy en hoekom loer jy in my kombuis in, ek wil graag weet? Weet jy nie dat ek mense in oorkewers en paddas kan verander, as ek wil nie.



Asseblief, asseblief moet dit nie doen nie! Het Higgle verskrik gesê. Ons het gedink jy het 'n lekker warm kombuis en gewonder of jy enige bediendes wil hê.

Wel, my vrou kan met twee doen, het Groo gesê. Ek sal julle vir haar wys en kyk of sy julle wil hê. As sy julle nie soek nie, dan kook ek julle vir aandete.



Hy het die bibberende duiweltjies in sy kombuis geneem en hulle vir sy vrou gewys, wat deur haar groot bril na hulle gekyk het.

‘Ja, hulle sal dit mooi doen, skat’. Het sy vir Groo gesê. ‘Ek sal hulle as bediendes gebruik’.

‘Wel as jy moeg word vir hulle, laat weet my en laat hulle kook vir aandete’, het Groo gesê.



En let op vroulief, laat hulle nie wegkom nie! Hulle sal hardloop as hulle 'n kans het, ek is seker daarvan. Jy moet hulle veilig in die kombuis hou.

Baie goed, skat, sê mevrou Groo en sy draai na Higgle en Hum. Vat net 'n bietjie warm water uit die kraan en begin om die kombuis vloer te skrop, het sy gesê.



Groo die kabouter het uit die kamer gegaan en die deur geslaan. Higgle en Hum het na die kraan gehardloop en 'n emmer water gekry. Dit was nie baie warm nie, en Higgle het na die vuur gekyk.

Asseblief, mevrou, het hy vir mevrou Groo gesê. Die water is nie warm genoeg om die vloer behoorlik te skrop nie. Die vuur het geblus en die water is besig om af te koel. Kan ek dit aansteek?



O, liewe, o liewe, daar is nie hout in die houtkis nie, het die ou dame in 'n gejaag gesê. Ek het bedoel om vanoggend vir Groo te gevra het om vir my 'n bietjie te kap, ek het heeltemal vergeet. In watter humeur sal hy wees as ek hom nou vra, want hy haat dit om in die donker uit te gaan na die houtskuur.

Wel, mevrou, laat my gaan, het Higgie gesê. Ek is jou dienaar, is ek nie?

Natuurlik het mev. Groo gesê. Wel, jy gaan kap vir my hout, maar moenie lank vat nie.



Hy het nie na die houtskuur gegaan nie, maar het buite die voorhek weg gekruip. Gou het mev. Groo ongeduldig geraak en gewonder wat Higgle doen.

Vervlaks die duiweltjie! het sy gesê. Ek veronderstel ek moet gaan kyk of hy in die tuin verdwaal het.

Mevrou, laat ek gaan kyk of ek hom kan vind! Het Hum gesê en het na haar toe gehardloop. Mevrouw hoef nie uit in die donker te gaan nie. Leen vir my daardie lamp op die kas en ek sal hom gou kry.



Wel, neem dit, en moenie lank wees nie, het mevrou Groo gesê.
Sy het die lamp aangesteek en Hum het dit geneem.



Hy het by die tuin uit gehardloop, die lamp uit geblaas en na die voorhek gehardloop. Hy het Higgie daar gekry, en saam het die twee slim duiweltjies die baan af gejaag so vinnig as wat hul bene hulle kon dra, en was bly dat hul skelmstreek geslaag het.



Die koning was verheug om sy towerlamp terug te kry en hy het die twee duiweltjies geprys omdat hulle die slinkse ou aardmanneling kon fop.

As jy maar die ander goed kan kry, sal ek baie bly wees, het die koningin gesê.



So die volgende aand het Higgie en Hum weer stilweg na Groo se huis gegaan, bedoelende om by die venster in te breek wanneer Groo gaan slaap het, en die skêr en towerstok te neem, maar die aardmannetjie het vir hulle gelê en wag op die twee bang duiweltjies net toe hulle by die voorhek kom en het hy toe geslaan.

Ha! het hy gesê. Nou het ek jou weer, en ek kan jou sê, ek sal jou nie hierdie keer laat gaan nie! Ek eet julle môre vir my aandete.



Hy het die duiweltjies kombuis toe gesleep en hulle in die houtkis toe gesluit vir die nag. Hulle kon nie uitkom nie, en hulle het daar gebewe van die vrees, en het gedink dat hulle einde hierdie keer baie naby was.



Die oggend het mevrou Groo hulle uitgehaal en na hulle gekyk.

"Julle is baie stout om nie terug te kom die aand toe ek julle gestuur het om die hout te kap nie," het sy gesê. "Nou moet ek julle kook vir my man se aandete, in plaas daarvan om julle as my bediendes te hê!"



Die duiweltjies het gekyk hoe sy die vuur aansteek en het meer begin bewe. Toe praat Higgle.

"Ek neem aan, mevrou, het baie killy-kolly-blare om saam met ons te kook? het hy gesê. "As duiweltjies gekook word sonder killy-kolly-blare, sal hulle wie ook al dit eet, vergiftig."

My goeiste!' het mevrou Groo bang gesê. 'Nee, ek het dit nie geweet nie! Wel, ek het baie killy-kollies-blare in my tuin. Ek beter 'n paar blare gaan pluk.'



Laat ek dit vir mevrou pluk,' het Higgle gesê. " Ek is seker mevrou het baie om te doen om die aand ete voor te berei.

"Nou goed, jy mag hulle maar gaan pluk," het mevrou Groo gesê en het vir hom 'n bord gegee. Maar sorg dat jy in sig van die venster hou, want as jy weer weg hardloop sal meneer Groo baie kwaad wees. Higgle het die bord gevat, vir Hum geglimlag en uit in die tuin gehardloop na die killy-kolly bed.



Hy het van die blare begin pluk, en hy het gemaak asof dit baie moeilik was om van die stamme af te trek.



Mevrou Groo het baie ongeduldig geraak en roep by die venster na hom. Maak tog net gou, maak gou! Ek wag vir daai blare gereg. Hoekom vat jy so lank om blare te pluk!



"Asseblief, mevrou, hulle is baie moeilik om te pluk," het Higgle gesê terwyl hy regop staan in die killy-kolly bed. 'Kan mevrou vir Hum uit stuur met 'n sterk skêr?



Mevrou Groo het na haar werkmandjie gegaan en die tower skêr daar uit gehaal. Sy het dit vir Hum gegee en hom beveel om dit na Higgie te neem en dan terug te kom om haar te help om 'n paar aartappels te skil. Hum het weg gehardloop.



En toe Higgie hom sien aankom het hy na die voor hek
gehardloop, en in die baan af hardloop die twee duiweltjies so
vinnig as wat hulle kon.



Hoe bly was hulle tog om vry te wees en om ook die tower skêr te hê! Hulle het dit na die koning geneem en hy was verheug.

"Julle is 'n baie slim paar!' het hy gesê. 'As julle nou maar net my tower stok vir my kan kry, sal ek baie bly wees'.



Die twee duiweltjies het dit nie gewaag om nou naby Groo se huis te gaan nie, want hulle het geweet hy sou op die waak vir hulle wees. Maar uiteindelik, na tien dae, het Higgie en Hum weer na die aardmannetjie se huis gegaan, en hierdie keer het hulle by die agter deur in gesluip.



Maar goeie genugtig, wie anders as ou mevrou Groo sou hulle sien en sy het hulle gevang en in haar kombuis ingesleep.

"So dis weer julle!" het sy gesê. 'Wel, jy het laas met die towerskêr weg gehardloop, en die vorige keer met die tower lamp - maar hierdie keer kom julle nie weg nie! Meneer Groo was kwaad vir my omdat ek julle laat gaan het, maar hy sal nou tevrede wees met my omdat ek julle gevang het!'



"Waar is Groo?" het Higgle gevra en het rond gekyk.

"Hy is weg om sy vriend, meneer Topple te sien," het mevrou Groo gesê, "maar moenie bekommerd wees nie! Hy sal nie lank wees nie, kan ek jou sê, en ek sal nie verbaas wees as hy jou vir sy aandete het sodra hy by die huis kom nie.'

Higgle en Hum was bang. Hulle was redelik seker dat hulle hierdie keer regtig geëet sou word, en hulle het tevergeefs probeer dink aan een of ander manier om te ontsnap.



Mevrou Groo het by haar naaldwerk gaan sit, en vir 'n geruime tyd was daar stilte in die warm kombuis. Toe slaan die horlosie nege uur, en mevrou Groo het verbaas op gekyk.

"Allawêreld!" het sy gesê. 'Groo is laat! Ek hoop nie hy het verdwaal op hierdie donker nag nie.

'Sal ek hom gaan soek? Het Higgle gevra.

"Nee, jy sal nie!" het mevrou Groo skerp gesê.



'Wel, mevrou, laat my net na die voordeur gaan en uitloer,"
het Higgle gesê. 'Mevrou kan sien dat ek nie ontsnap nie, kan
mevrou nie, aangesien ek baie skerp oë het.

Ek kan in die lang pad af sien en kan vir mevrou sê of jou man
kom.'

"Baie goed," het mevrou Groo gesê, "maar let op - as jy oor
daardie deur se stap gaan, sleep ek jou in en dan sit ek jou in
daardie kastrol, Higgle.'



Higgle het vir Hum geglimlag en het na die deur gegaan om dit oop te maak.



Hy staan op die drumpel en loer daar uit en toe... Skielik het hy 'n geskreeu gegee.

'Rowers! Diewe!' het hy gehuil. 'Kyk! Rowers, diewe! Waar is 'n stok! Bring 'n stok om my te verdedig!'



Mevrou Groo het begin bewe. Sy het die tower stok wat in die hoek gestaan het opgetel en dit vir Hum gegee, wat daarmee na Higgle gehardloop het.

Seker genoeg, iemand kom die voorste paadjie op, en mev. Groo was seker dit moes rowers wees. Sy het begin skree.



"Op stok, hou vas en gaan na hom toe!" het Higgle geskree, en dadelik spring die stok uit sy hand en vlieg na die persoon wat met die paadjie op gekom het.



Hoe het hy net nie geskree en geskree nie. 'Ek is geen rower nie, ek is Groo die aardmannelietjie! Roep die stok, roep dit! Ek is Groo die aardmannelietjie, ek sê vir jou!'



Maar Higgle en Hum het ook geskree, so hard dat mevrou Groo nie kon hoor dat dit haar man was wat in die tuin was en nie 'n rower nie. Sy het in 'n hoek weg gekruip en het nie gewaag om die stok te stop nie.



Higgle en Hum hardloop na die agter hek en halfpad in die baan af, en glimlag om te dink dat die goddelose aardmannetjie weer geflous was.

Toe sit Higgle sy hande na sy mond en skree hard,
"Staak, stok, kom na my toe!"

Die stok het na Higgle se hand gevlieg. Die twee duiweltjies het so vinnig as moontlik begin hardloop en die aardmannetjie kon hulle nie vang nie, maar hy kon net by sy kombuis instrompel en op 'n stoel gaan sit.



Hoe verheug was die koning en koningin tog om hul tower
stok weer veilig terug te sien!

"Julle is sekerlik die twee slimste duiweltjies in die hele
koninkryk!" het die koning gesê. 'Wel, julle sal die sak goud
en die paleis kry, en julle kan seker wees dat julle 'n gratis
uitnodiging sal ontvang na elke partytjie en dans wat die
koningin gee. Baie dankie vir alles wat julle gedoen het.'



Toe het die twee duiweltjies verheug en het die goud geneem en na die paleis gegaan wat die koning aan hulle gegee het. Hulle het vir hulself pragtige nuwe pakke gekoop, twee vrouens geneem en vir ewig gelukkig in hul glinsterende paleis gewoon.



Hulle gaan nog steeds na elke partytjie in Sprokiesland, en al moes hulle nou al by duisende gewees het, is hulle nog nie moeg vir partytjies nie!



Wat Groo die aardmannetjie betref, hy was so skaam omdat hy deur twee duiweltjies geflous was dat hy sy goed opgepak het, hy en mevrou Groo het verdwyn, niemand het geweet waar nie en niemand het om gegee nie!

Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY

